AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL

GRADE 4

LOCKDOWN BOEK

Naam : _____

Alfabetiese volgorde:

1. Rangskik die volgende vrugte alfabeties:

   Piesangs druiwe appels pere aarbei waatlemoen perske

   _____
   _____
   _____
   _____
   _____
   _____
   _____

2. Rangskik die volgende sportsoorte alfabeties:

   Hokkie netbal rugby sokker atletiek krieket swem boogskiet

   _____
   _____
   _____
   _____
   _____
   _____
   _____
   _____

3. Kies 3 letters in die alfabet en plak / teken n prentjie van n woord met daardie letter.



Meervoud en verkleining:

1. Gee die meervoud vir die volgende woorde: (plural)

1) Kind - _____
2) Voet - _____
3) Neus - _____
4) Oog - _____
5) Been - _____
6) Vinger - _____
7) Jas - _____
8) Serp - _____
9) Kat - _____
10) Vrug - _____
11) skoen - _____
12) hand - _____
13) skool - _____
14) huis - _____
15) vark - _____
16) boom - _____
17) foto - _____
18) droom - _____
19) liniaal - _____
20) bord - _____

2. Gee die verkleining vir die volgende woorde:

1) Oor - _____
2) Bus - _____
3) Potlood - _____
4) Maat - _____
5) Venster - _____
6) Hond - _____
7) Kind - _____
8) Boom - _____
9) Das - _____
10) Hoed - _____
11) mond - _____
12) tand - _____
13) maan - _____
14) fiets - _____
15) seun - _____
16) mier - _____
17) kar - _____
18) arm -_____
19) blik - _____
20) rok - _____

3. Skommel die letters om `n woord te vorm:

a) Delg - _____
b) Rysoom - _____
c) Sterven - _____
d) Steif - _____
e) Tekry - _____
f) Loopdot - _____
g) Loets - _____
h) Kiettes - _____
i) Rotom - _____
j) Mlob - _____

Voorsetsels:

1. Onderstreep die regte voorsetsel in die sinne:

a) Kyk (in / na) die kaart van die dorp as jy wil sien waar die winkel is.
b) Die rowers kruip (agter / in) die park weg.
c) Hulle hardloop weg en draai regs (op / by) die robot.
d) Die rowers is nou (by / aan) die polisiekantoor.
e) Die polisiekantoor is (onder / op) die hoek (met / van) Sesde straat en Vierde straat.
f) Die rowers sal gou (van / agter) tralies wees.

2. Kyk na die volgende prent en vul die regte voorsetsel in:

Op	agter
Langs	oorkant
In	voor
Met	bo

a) Die seun sit _____ die meisie op die wipplank.
b) Die meisie staan _____ haar maatjie.
c) Hulle speel _____ die sandput.
d) Die meisie sit _____ die swaai.
e) Die vlieër is _____ die swaai.
f) Die meisie speel _____ die grafie.
g) Die glyplank is _____ die sandput.
h) Die sandput is _____ die glyplank.

Werkwoorde:

Onderstreep die werkwoord in die volgende sinne:

1. Die seun speel met sy hond.
2. Die man lees die koerant.
3. Juffrou verduidelik die werk.
4. My mamma bak `n lekker koek.
5. Ons swem in die swembad.
6. Die sanger sing `n mooi liedjie.
7. Die rugbyspeler skop die bal baie hoog.
8. Ouma brei vir my `n mooi serp.
9. Die skoolhoof gee vir my `n plakker vir my mooi werk.
10. Die mense lag vir die snaakse hanswors.

Maak jou eie sin met die volgende werkwoorde:

a) Spring - _____
_____

b) Hardloop - _____
_____

c) Skiet - _____
_____

d) Lees - _____
_____

e) Verf - _____
_____

Watter werkwoord beeld die volgende prente uit:

_____ _____ _____

Teenoorgesteldes / Antonieme:

1. Gee die teenoorgestelde vir die volgende:

a) Skoon -_____
b) Meisie - _____
c) Pa - _____
d) Vriend - _____
e) Man -_____
f) Groot - _____
g) Kort - _____
h) Mooi - _____
i) Vinnig - _____
j) Slordig - _____
k) Soet - _____
l) Binne - _____
m) Bo - _____
n) Leeg - _____
o) Lig - _____

Seun	vriendin
Stadig	vrou
Vuil	netjies
Klein	ma
Vrou	buite
Stout	onder
Donker	lelik
Onder	

Sinonieme:

Gee die sinoniem vir die volgende woorde: (dieselfde betekenis)

a) Meisie - _____
b) Juffrou - _____
c) Mooi - _____
d) Kar - _____
e) Loop - _____

Motor	dogter
Onderwyseres	stap
pragtig	

Byvoeglike naamwoord:

1. Onderstreep die byvoeglike naamwoord in die volgende sinne:

   a) Naomi se ouma bak heerlike koekies.

   b) Die ou tannie dra groen tekkies.

   c) Ons plant mooi blomme.

   d) Die gawe seun het die vrou gehelp.

   e) Die visse swem in die groot dam.

   f) Die dogter skryf netjies in haar boek.

   g) Die kwaai hond blaf heelaand.

   h) My ouma brei `n mooi trui.

   i) Die slim seun kry goeie punte.

   j) Die kind bly in `n groot huis.

   k) Die koue wind waai heeldag.

2. Gee die regte vorm van die byvoeglike naamwoord in hakies:

   a) Dit is vandag (koudste / kouer) as gister.
   b) Die seun is die (vinniger / vinnigste) in die skool.
   c) Ek teken (mooiste / mooier) as my sussie.
   d) Dit is (warmer / warmste) in Hoedpruit as in Hazyview.
   e) My boetie is die (stouter / stoutste) in ons huis.

Trappe van vergelyking:

Voltooi die tabel met trappe van vergelyking:

Stellende trap	**Vergrotende trap (-er)**	**Oortreffende trap (-ste)**
Mooi	Mooier	Mooiste
Groot		
	Leër	Leegste
	Slimmer	
		Kortste
Soet		
	langer	
Klein		
		Oudste
	skerper	
	hoër	
jonk		jongste
blou		
	swaarder	
	ligter	
warm		

Tye van die werkwoord:
Verlede tyd:

Skryf die sinne in die verlede tyd. Byvoorbeeld: Die seun koop `n bal. = Die seun **het** `n bal **gekoop.**

a) Die kinders eet roomys.

_____

b) Hashim en Kim ry saam fiets.

_____

c) Die seun skiet die bok.

_____

d) Oupa verf die huis.

_____

e) Pappa braai die vleis.

_____

Toekomende tyd:

Skryf die sinne in die toekomende tyd (future tense). Byvoorbeeld: Die vrou bak `n koek. = Die vrou **sal** `n koek bak.

a) Ouma brei `n serp.

_____

b) Lerato lees haar boek.

_____

c) Don neem `n foto.

_____

d) Mamma drink `n koeldrank.

_____

e) Die man sny die gras.

_____

Sinne:

Woordorde:

Skommel die volgende woorde sodat dit in die regte volgorde is:

1. koop koekies | by `n winkel. | Die kinders

_____

2. swart jasse | Hulle het | gedra.

_____

3. eet | Die kinders | die koekies.

_____

4. die wedstryd. | wen | Die span

_____

5. My juffrou | ons boeke. | merk

_____

Voegwoorde:

Verbind die sinne met die voegwoorde in hakies;

a) Jan hardloop vinnig. Hy skop die bal. (en)

_____

b) Die vrou trek `n jas aan. Sy kry koud. (want)

_____

c) Die kinders wil swem. Dit is nie warm nie. (maar)

_____

d) Ons is opgewonde. Dit is amper vakansie. (want)

_____

e) Mitchel is gaaf. Sy werk netjies. (en)

_____

Bywoorde: (adverbs)

Onderstreep die bywoorde in die volgende sinne en sê of dit `n bywoord van **tyd,**(when) **plek** (place) of **wyse** (manner) is.

1. Die kinders gaan vandag swem. - _____
2. Mamma bak elke dag koekies. _____
3. Pa verf die kaste pragtig. _____
4. Die seun hardloop vinnig. - _____
5. Ek vlieg London toe. - _____
6. Die bokke hardloop in die veld. - _____
7. My sussie skryf baie netjies. - _____
8. Oupa lees elke aand sy koerant. - _____
9. Ruben gaan môre rugby speel. - _____
10. Ouma brei die serp stadig. - _____

Maak jou eie sinne met die volgende bywoorde:

a) Vandag –

_____

b) Vreeslik –

_____

c) Pragtig –

_____

d) By die huis –

_____

e) Kaapstad –

_____

Voornaamwoorde:

Vul die regte voornaamwoord in:

1. Ek drink `n koeldrank. Dit is _____ koeldrank.
2. Hy drink `n koeldrank. Dit is _____ koeldrank.
3. Sy drink `n koeldrank. Dit is _____ koeldrank.
4. Hashim drink `n koeldrank. Dit is _____ koeldrank.
5. Kim drink `n koeldrank. Dit is _____ koeldrank.
6. Ek en my maat speel buite. _____ speel buite.
7. Die kinders eet roomys. _____ eet roomys.
8. Die klere is die seuns s'n. Die klere is _____.
9. Ek het `n fiets. Dit is _____ fiets.
10. Takanaka het albasters. Dit is _____ albasters.

Direkte – en indirekte rede:

Skryf die sinne in die indirekte rede:

Bv: Juffrou sê: " Nelson Mandela is `n held."
Juffrou sê **dat** Nelson Mandela `n held **is.**

1. Die man sê: 'Dit is baie warm."
   _____
2. Ouma sê:" Die kinders is baie soet."
   _____
3. Mamma sê:" Die koekies is baie lekker."
   _____
4. Juffrou sê: " Die werk is huiswerk."
   _____
5. My maat sê:" Die roomys is koud."

Begripstoets
Florence Nightingale

Florence Nightingale - `n Heldin

Florence Nightingale is in 1820 in Italië gebore. Haar ouers het haar Florence genoem.

Toe sy 24 jaar oud was, het sy `n verpleegster geword. Haar droom was om siek mense te help. Die hospitale in daardie tyd was baie vuil en oorvol. Daar was ook nie genoeg verpleegsters en medisyne nie.

In 1854 was daar `n oorlog. Florence het oorlog toe gegaan om soldate te verpleeg. Sy het ander jong meisies gekry om haar te help. Florence was `n voorbeeld vir almal. Sy was goed vir die siek mense. Sy het alles vir hulle gedoen en baie soldate se lewens gered.

Florence Nightingale het die naam "Die vrou met die lamp" gekry, want sy het snags met `n lamp die siekes besoek – sy het lig in hulle lewe gebring.

Haar storie word vandag nog vertel. Sy het wonderlike werk gedoen en was `n held.

Vrae:

1. Waar is Florence gebore? _____
2. Vir wie help Florence? _____
3. In watter jaar is Florence gebore? _____
4. Hoe oud was sy toe sy `n verpleegster geword het?

   _____
5. Beskryf die hospitale in daardie tyd. Dit was _____ en

   _____.
6. Wie het vir Florence gehelp om die soldate te versorg?

   _____
7. Watter naam het Florence gekry?

   _____
8. Onderstreep die regte woord:
9. A) Florence het (bedags / snags) die siek soldate besoek.

   b) Sy het die soldate verpleeg omdat daar (vrede / oorlog) was.